# Pierneef Gemeente
# Die Boodskapper
## 6 Augustus 2023

**Kantoorure:** Ma, Wo & Vr, 8:00-16:00
**Sel:** 072 137 4407
**Epos:** kantoor@ngkpierneef.co.za
**Bankbesonderhede:** NG Kerk Pierneef, Standard Bank SA, Tjekrekening: 281590621, Takkode: 01-4845
**Leraar:** Ds Paullet Grobler (076 841 1568)
**Gemeente-Sekretaris:** Cecile Botha (072 137 4407)
**Jeugwerker:** Sandra Berger (061 930 6540)

**Facebook:** Pierneef Gemeente **Webwerf:** www.ngkpierneef.co.za

## 6 Augustus
### 9:00 Erediens en Kinderkerk
### Prediker: Ds Paullet Grobler
### Teks: Lukas 14:15-24

### Teebeurt: Wyk J

### Kategese en Belydenisklas na die diens

## Hierdie week:

**Woensdag, 9 Augustus geen Bybelstudie en Bybelskool**
**Donderdag, 10 Augustus (18:30): Ondersteuningsgroep vir trauma in die konsistorie**
**Saterdag, 12 Augustus (08:00) Kerkraadskoffie**

Kry jou "vleis hamper" kaartjies by die deure of by die tee vandag! Trekking vind plaas op die Gholfdag

## Verjaarsdae

| | | | |
|---|---|---|---|
| 06/08 | Mnr | Anton | Bienedell |
| 06/08 | Mnr | Jaco | Els |
| 08/08 | Mnr | Peet | De Bruin |
| 08/08 | Mnr | Willem | Fourie |
| 09/08 | Mev | Elize | Grobler |
| 09/08 | Me | Elsie | Kidson |
| 09/08 | Mnr | Hendrik | Kloppers |
| 09/08 | Mnr | Juandré | Venter |
| 09/08 | Me | Chante | Wolfaardt |
| 12/08 | Me | Lize | Janeke |
| 12/08 | Mnr | Rynhardt | Jeffries |

# Lief en Leed

- Esme Robinson wat herstel na 'n operasie.
- Cathy du Plessis.
- Suzette se broer wat siek is. Hy het MNS, en het baie verswak.
- Danie du Plessis.
- Cecile Botha se broer wat steeds siek is en verswak het.
- Andre du Plessis wat 'n biopsie/toetse ondergaan het.

**Baie Geluk!**

- Herman en Yvonne word vir 'n tweede keer oupa en ouma met Chevonne en Jaco wat verwag.
- Lize Janeke is verloof! Baie geluk aan hulle en ook moeder Marlie.

**Indien jy graag wil hê ons moet vir jou bid, of weet van iemand wat voorbidding benodig, kontak gerus die Kerkkantoor of ds Paullet. Laat weet ons ook indien jy goeie nuus het om met die gemeente te deel!**

# Bedieninge, Projekte en Uitreike

## Gholfdag
## 8 September 2023

Ons hou ons Gholfdag weer by **Pretoria Gholfklub** die jaar.
Die vorms is in die voorportaal beskikbaar.

**Hoe kan ek deel wees?**

- Kom speel saam! Skryf 'n 4-bal in! (R2200 - Aandete en prysuitdeling ingesluit)
- Indien jy enige pryse, veilingsitems en donasies wil gee is jy ook welkom.
- Jy kan ook 'n gaatjie borg of adverteer op die Gholfdag (wissel tussen R900 en R2500)
- Borge ontvang 20% afslag indien hulle vir 'n 4bal ook inskryf.
- Prystrekking vir 'n "*vleis hamper*" ter ware van R 1000: kaartjies vir 'n gelukkige prystrekking sal teen R50 elk verkoop word.

  ***(Indien jy kan help om "vleis hamper" kaartjies te verkoop, kry asb 'n vorm na die diens by Fanus. Dit sal waardeer word!)***

**HERWINNING**

Die volgende items kan na die kerkterrein gebring word:

**karton / papier / koerante / brosjures / eierhouers**

**glas**

**blikkies**

**plastiese bottels**

**langlewe melk / vrugtesap houers**

*Vir enige navrae kontak die kerkkantoor.*

# Uitnodiging

## Trauma-ondersteuningsgroep




So paar maande gelede was daar Traumaberadingsessies in die konsistorie gehou, waar dr Johan Loubser met ons kom gesels het oor verskeie aspekte van trauma en rou.

Ons wil graag almal nooi wat wil deel word van 'n ondersteuningsgroep wat gereeld bymekaar gaan kom. Die eerste twee datums is 3 & 10 Augustus. Vandaar sal die groep op verdere datums besluit. Die gesprekke sal gelei word deur ds Loubser.

Indien jy nie alreeds jou naam opgegee het nie, en/of vir verdere inligting, kontak asb ds Paullet (076 841 1568).

*Jy word ook uitgenooi indien jy oor enige ander saak met ds Paullet wil gesels. Maak gerus by haar 'n afspraak rakende enige vorm van berading, ons sal ook kan help met verwysings indien nodig.*

***Ons kom kuier ook graag!*** *Vir huis/siekebesoeke kontak die Kerkkantoor.*

**Kontak asb vir ds Paullet as jy op die Gemeente-Whatsappgroep wil wees. Ons deel daar belangrike inligting en afkondigings. Bly so op hoogte!**

# *Noot vir Noot - Musiekaand*

## *Vrydag, 25 Augustus om 18:30*

*Kom geniet 'n lekker musiek vasvra kuieraand! Kom in 'n span of sluit by een aan op die aand. Bring gerus jou piekniekmandjie en iets om te drink. Indien jy nie wil deelneem nie is jy steeds welkom om saam te kom kuier!*

# Dorkas se Kombuis

Dorkas se Kombuis se bedrywighede gaan net van krag tot krag.
DANKIE vir elke donasie, hetsy items of kontant wat ontvang word.

Daar is hierdie week 43 pakkies deur RHS gepak. Die pakkies is vol gepak met:
750ml olie, pakkie crispy rice crackers, 2,5kg mieliemeel, 1x bully beef, 1x pilchards, 1x baked beans en 1x Koo Chakalaka with SWEETCORN ☺

Daar is GROOT verwikkelinge by RHS. Die maatskaplike werkster het my ingelig dat UP se mediese fakulteit se koshuis, RHS gekies het as hul uitreikprojek vir die jaar. Die vergadering tussen die partye het al reeds plaasgevind. Ons sal enige terugvoer deel. Die aanduiding is dat dit goeie nuus is.

Die bogenoemde is 'n absolute besturing, gegewe die feit dat ons vanaf 1 Februarie 2024, slegs 'n ondersteunende rol in RHS se voedingskema wil vervul en nie meer die primêre voorsiener van hul projek moet wees nie.

**Ons vra groot asb nog bydraes van 900g konfyt**. Ons het tot op hede nog net 6 kon ontvang.  As dit kan, vra ons asb vir appelkooskonfyt.

**MAAK SOLANK JOU R10 BYMEKAAR** ☺  Op Sondag 13 Aug word daar **CUPCAKES** na die diens verkoop. 'n Deel van die opbrengs sal aan Dorkas se Kombuis geskenk word.

***Mooi loop die week.***

**Bankbesonderhede:  M Janeke, Capitec Bank, Spaarrekening, 1651207613**

**Rietfontein Spar en Tops**

Bring asb al u Spar en Tops strokies kerk toe en gooi dit in die houer in die voorportaal. Spar gee vir ons geskenkbewyse wanneer ons genoeg strokies ingee. Dit word weer vir Dorkas se kombuis gegee.